INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVO

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUTE FOR MANPOWER R


RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

HUMANITAS RGN • HSRC

HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL


# NAVORSINGSBEVINDING

*

# RESEARCH FINDING

RAMING VAN DIE EKONOMIESE BEDRYWIGE EN TOTALE BEVOLKING VAN PIETERSBURG VIR 1981


001.3072068 HSRC MN 43

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 HSRC MN 43 | 4943035 |

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

20

040400/5

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

# RAMING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE EN TOTALE BEVOLKING VAN PIETERSBURG VIR 1981

F. Boshoff, M.Com.

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

DIREKTEUR: W. VERHOEF

000049954 1

2844363866

PRETORIA
1977

ISBN 0 86965 414 4

Navorsingsbevinding nr. M-N-43

Kopiereg voorbehou

Prys: R0,70

001.3072068 HSRC MN 43

*049954*

INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING EN DOEL | 1 |
| 2 | OMSKRYWING VAN ENKELE BEGRIPPE | 1 |
| 2.1 | Uitvoerwerkgeleenthede | 1 |
| 2.2 | Streekresidensiële werkgeleenthede | 1 |
| 2.3 | Streekresidensiële goedere en dienste | 1 |
| 2.4 | Uitvoergoedere en -dienste | 1 |
| 3 | GEBIEDSAFBAKENING | 1 |
| 4 | DIE RAMINGSTEGNIEK EN DIE TEORETIESE GRONDSLAE WAAROP DIT GEBASEER IS | 2 |
| 5 | KEUSE VAN DIE RAMINGSBASIS | 3 |
| 6 | RAMING VAN DIE GETAL UITVOERWERKGELEENTHEDE IN PIETERSBURG VIR 1981 | 5 |
| 7 | RAMING VAN DIE MINIMUM NOODSAAKLIKE, STREEKRESIDENSIËLE INDIENS= NEMINGSPERSENTASIES VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR | 5 |
| 8 | RAMING VAN DIE GETAL STREEKRESIDENSIËLE WERKERS VOLGENS NYWERHEID= SEKTOR EN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN PIETERSBURG VIR 1981 | 7 |
| 9 | RAMING VAN DIE BEROEPSVERDELING VAN DIE GERAAMDE STREEKRESIDENSIËLE WERKERS VAN PIETERSBURG VIR 1981 | 7 |
| 10 | RAMING VAN DIE BEROEPS- EN SEKTORALE VERDELING VAN DIE GERAAMDE EKONO= MIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN PIETERSBURG VIR 1981 | 8 |
| 11 | RAMING VAN DIE VOLKSGROEPVERDELING VAN DIE GERAAMDE EKONOMIES BEDRY= WIGE BEVOLKING VAN PIETERSBURG VIR 1981 | 8 |
| 12 | RAMING VAN DIE NIE-EKONOMIES BEDRYWIGE EN TOTALE BEVOLKING VAN PIETERSBURG VOLGENS VOLKSGROEP VIR 1981 | 13 |
| 13 | BETROUBAARHEID VAN DIE RAMINGS | 13 |
| 14 | SAMEVATTING | 13 |
| | BYLAE | 15 |
| | LITERATUURLYS | 17 |



001.3072069
HSRC MN 43.
049430
5
G

## 1 INLEIDING EN DOEL

In die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan (1975, p. 5) word beweer dat groeipole "... sal nie net die struktuur van die streke waarbinne hulle geleë is, beïnvloed nie, maar is van so 'n omvang dat die nasionale fisiese en ekonomiese ontwikkelingspatroon deur die uitbouing daarvan wesenlik beïnvloed sal word." Omdat Pietersburg deur die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan (1975, kaart 1) as groeipool geïdentifiseer word, kan verwag word dat ekonomiese en bevolkingsgroei daar in die nabye toekoms teen 'n bonormale tempo sal plaasvind.

'n Versnelde groeitempo in enige dorp of stad vereis beplanning van hoogstaande gehalte deur beide die owerheid- en private sektore indien knelpunte vermy wil word. Beplanning vereis weer op sy beurt sekere basiese gegewens waaronder 'n raming van verwagte bevolkingsgroei.

Die doel met hierdie studie is om vir die gebruik van beplanners wat daarby belang mag hê, beide die ekonomies bedrywige bevolking volgens nywerheidsektor en beroepsgroep en die totale bevolking volgens volksgroep van Pietersburg vir 1981 te raam.

## 2 OMSKRYWING VAN ENKELE BEGRIPPE

Aangesien sommige van die begrippe wat hieronder gebruik sal word, nie algemeen bekend is nie, sal 'n kort omskrywing daarvan gegee word ten einde moontlike verwarring te voorkom. 'n Meer volledige bespreking van die begrippe verskyn in 'n vorige verslag (Boshoff 1975).

### 2.1 UITVOERWERKGELEENTHEDE

Uitvoerwerkgeleenthede is betrekkings waarvan die bekleërs goedere of dienste produseer wat deur persone of instansies wat buite die betrokke ekonomiese streek gesetel is, verbruik sal word.

### 2.2 STREEKRESIDENSIËLE WERKGELEENTHEDE

Streekresidensiële werkgeleenthede is betrekkings waarvan die bekleërs goedere of dienste produseer wat deur die bewoners van hul eie ekonomiese streek verbruik word.

### 2.3 STREEKRESIDENSIËLE GOEDERE EN DIENSTE

Streekresidensiële goedere en dienste is goedere en dienste wat deur die bewoners van 'n ekonomiese streek in hul eie streek vir hul eie gebruik geproduseer word.

### 2.4 UITVOERGOEDERE EN -DIENSTE

Uitvoergoedere en -dienste is goedere en dienste wat verbruik word deur persone wat buite die ekonomiese streek waarin die goedere geproduseer is, woon.

## 3 GEBIEDSAFBAKENING

Die beginsels waarvolgens die grense van 'n subnasionale streek vasgestel word, is in 'n vorige streekstudie uitvoerig bespreek (Boshoff 1975). Ooreenkomstig die beginsels sal aanvaar word dat Seshego 'n integrerende deel van Pietersburg uitmaak. Verder sal ook aanvaar word dat die werknemers van die Universiteit van die Noorde, die Teologiese Skool en die kantoor van die Kommissaris-generaal van die Noord-Sotho-volksgroepe in werklikheid inwoners van Pietersburg self is al bly hulle ook op Sovenga en nie in Pietersburg nie. Die besluit is geneem omdat uit navrae geblyk het dat die bestedingspatroon van die bewoners van Sovenga nie betekenisvol verskil van die van Pietersburg self nie.

Van bostaande moet nie afgelei word dat die Swart bevolking wat vir Pietersburg voorspel word, almal in òf Seshego òf Sovenga sal woon nie, aangesien 'n deel van die Swart werkers van Pietersburg en hul afhanklikes nog in die Pietersburgse munisipale gebied woonagtig is.

Omgekeerd moet ook nie aanvaar word dat alle inwoners van Seshego en Sovenga vir 'n bestaan van ekonomiese bedrywighede in Pietersburg, Seshego of Sovenga afhanklik is nie. Sommige van hulle is die afhanklikes van persone wat in Pretoria of aan die Witwatersrand as trekarbeiders werksaam is.

## 4 DIE RAMINGSTEGNIEK EN DIE TEORETIESE GRONDSLAE WAAROP DIT GEBASEER IS

Die teorieë, relatief vaste verhoudings en aannames waarop die ramingstegniek gebaseer word, is in 'n vorige verslag meer uitvoerig bespreek. (Kyk Boshoff 1975, pp. 6-16 ). Hieronder volg slegs 'n kort opsomming daarvan tesame met 'n kort verduide= liking van die ramingstegniek.

Eerstens word aanvaar dat daar 'n relatief vaste verhouding bestaan tussen die persentasie streekresidensiële werkers en die persentasie uitvoerwerkers in 'n redelik geïsoleerde dorp of stad waarvan die ekonomie naastenby in ewewig is.

Tweedens word aanvaar dat 'n sekere minimum persentasie van die ekonomies bedry= wige bevolking van alle redelik geïsoleerde dorpe en stede in elke nywerheidsektor werksaam moet wees net om in die noodsaaklike behoeftes van die ekonomiese streek se bewoners aan streekresidensiële goedere en dienste te voorsien. Die minimum persenta= sie word die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasie genoem.

Daar word ook aanvaar dat die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiens= nemingspersentasie vir elke nywerheidsektor op grond van bevolkingsensusgegewens geraam kan word. Dit word gedoen deur die persentasie werkers in elke nywerheidsektor, in die geval van 'n aantal dorpe en stede wat spesiaal vir die doel uitgekies is, te tabel= leer. Die laagste waargenome indiensnemingspersentasie in elke nywerheidsektor word dan aanvaar as 'n raming van die sektorale minimum noodsaaklike, streekresidensiële in= diensnemingspersentasie. 'n Sommering van die verskillende sektorale minimum persenta= sies lewer dan 'n raming van die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensne= mingspersentasie vir die dorp of stad.

Aangesien die streekresidensiële werkers (s) plus die uitvoerwerkers (u) gelyk is aan die totale ekonomies bedrywige bevolking (e) volg dit dat die persentasie uit= voerwerkers bereken kan word indien die persentasie streekresidensiële werkers eers ge= raam is.

$$s + u = e$$
$$\therefore S\% + U\% = 100\%$$
$$\therefore U\% = 100\% - S\%$$

Met beide die persentasie streekresidensiële werkers en die persentasie uit= voerwerkers bekend, kan beide die getal streekresidensiële werkers en die ekonomies bedrywige bevolking bereken word indien die getal uitvoerwerkers deur middel van 'n op= name bepaal word.

Die beroepsverdeling van die geraamde getal streekresidensiële werkers in elke nywerheidsektor geskied in ooreenstemming met die beroepsverdeling in die betrokke nywerheidsektor van een of meer ander dorpe soos dit uit bevolkingsensusgegewens blyk. Vir dié doel word die ander dorpe uitgesoek indien indiensneming in die betrokke nywer= heidsektor tydens die vorige bevolkingsensus ongeveer net soveel was as wat geraamde streekresidensiële indiensneming op die teikendatum in die dorp waarvoor geraam word, sal wees. Sorg word ook gedra dat die volksgroepsamestelling van die gekose dorp naas= tenby ooreenstem met dié van die dorp waarvoor die raming gemaak word.

Daar word aanvaar dat die beroepskeuse van lede van die verskillende volksgroepe in die voorsienbare toekoms, net soos in die verlede, hoofsaaklik deur tradisie bepaal sal word. Daarom word die volksgroepverdeling van die streekresidensiële werkers af= sonderlik vir elke beroepsgroep geraam. Die raming van volksgroepverdeling geskied op grond van die ooreenstemmende verdelings volgens bevolkingsensusgegewens in die geval van een of meer dorpe wat spesiaal vir die doel uitgesoek word.

Geskikte dorpe word vir dié doel uitgesoek op grond van bevolkingsamestelling en -grootte.

Die volksgroepsamestelling van die uitvoerwerkers word tydens die opname by die werkgewers vasgestel.

Laastens word aanvaar dat ekonomiese deelnamekoerse wesentlik van volksgroep tot volksgroep en streek tot streek verskil. Gevolglik word die ekonomiese deelname=koers vir elke volksgroep afsonderlik bereken op grond van die ekonomiese deelname=koers van die betrokke volksgroep tydens die vorige bevolkingsensus in die dorp of stad waarvoor die raming gemaak word, of in 'n ander geskikte dorp of stad in dieselfde streek en met 'n soortgelyke bevolkingsamestelling. Met beide die ekonomiese deelname=koerse en die getal ekonomies bedrywiges vir elke volksgroep bekend, kan die getal nie-ekonomies bedrywiges vir elke volksgroep en die totale bevolking bereken word.

Sedert die eerste ramings volgens bostaande tegniek gemaak is, is die stelsel ten volle gemodelleer en vir gebruik op die elektroniese rekenaar geprogrammeer (Jacobs 1975). Omdat berekenings nou soveel vinniger gedoen word, kan alternatiewe aannames ten opsigte van minimum noodsaaklike sektorale indiensnemingspersentasies, ekonomiese deelnamekoerse en volksgroepverhoudings uitgetoets word ten einde te verse=ker dat die raming op realistiese aannames gebaseer word.

Die berekeningsmetodes en metode van benadering van desimale breuke wat in die rekenaarprogram ingebou is, het egter tot gevolg dat persentasiekolomme nie altyd op 100 te staan kom nie en dat dieselfde totaal in verskillende tabelle soms met 'n klein en betekenlose getal verskil.

## 5 KEUSE VAN DIE RAMINGSBASIS

Soos in paragraaf 4 verduidelik, word die minimum noodsaaklike, streekresiden=siële indiensnemingspersentasies in elke nywerheidsektor geraam op grond van die bevol=kingsensusgegewens in 'n aantal ander dorpe wat spesiaal vir die doel uitgesoek is. Die vereistes wat aan dorpe vir dié doel gestel word, is eerstens dat hulle voldoende geïsoleerd moet wees van die ekonomiese invloed van nabygeleë groter dorpe of stede en tweedens dat hulle op die sensusdatum ongeveer so groot moes gewees het as wat die dorp waarvoor die raming gemaak word, na verwagting op die teikendatum sal wees.

Die isolasievereiste sluit alle dorpe of stede in die PWV-gebied uit. Ander dorpe binne 60 tot 100 kilometer van stede of groter dorpe af moet, indien die kommun=kasiekanale tussen die twee gerieflik is, om dieselfde rede uitgesluit word.

Op grond van voorlopige berekenings wil dit voorkom asof Pietersburg se bevol=king teen 1981 tussen 70 000 en 80 000 sal wees. Op grond daarvan sal alle dorpe wat tydens die 1970-bevolkingsensus 'n bevolking van tussen 30 000 en 150 000 gehad het, in aanmerking kom vir insluiting in die ramingsbasis mits hulle voldoen aan die isolasie=vereistes. Slegs die volgende tien Suid-Afrikaanse dorpe kwalifiseer aan albei die vereistes:

1 Bloemfontein
2 Pietermaritzburg
3 Kimberley
4 Klerksdorp
5 Potchefstroom
6 Kroonstad
7 Pietersburg
8 Worcester
9 Queenstown
10 Bethlehem

In tabel 5.1 verskyn 'n tabellering van die persentasieverdeling van die tien dorpe se ekonomies bedrywige bevolkings volgens nywerheidsektor.

Die persentasies vir die totale en sektorale minimum noodsaaklike, streekresi=densiële indiensneming en die totale persentasie uitvoerwerkers word almal op grond van die persentasies in tabel 5.1 geraam.

TABEL 5.1

PERSENTASIEVERDELING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN TIEN SUID-AFRIKAANSE DORPE EN STEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR VIR 1990-RAMING

| | Nywerheidsektor | Dorpe | | | | | | | | | | Minimum persentasie | Gemiddelde persentasie | Gekose persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Bloemfontein | Pietermaritzburg | Kimberley | Klerksdorp | Potchefstroom | Kroonstad | Pietersburg | Queenstown | Worcester | Bethlehem | | | |
| 1 | Landbou, bosbou en visvangs | 3,43 | 1,72 | 0,70 | 1,02 | 2,70 | 0,95 | 1,50 | 0,85 | 1,96 | 1,67 | 0,70 | 1,65 | 0,70 |
| 2 | Mynbou en steengroefwerk | 0,17 | 0,32 | 12,39 | 9,15 | 1,27 | 0,06 | 0,72 | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 2,41 | 0,06 |
| 3 | Voedsel, drank en tabak | 1,30 | 2,08 | 1,81 | 2,68 | 6,01 | 5,03 | 7,12 | 4,14 | 11,33 | 5,50 | 1,30 | 4,70 | 1,30 |
| 4 | Klerasie, tekstiel- en leergoedere | 0,24 | 7,38 | 1,81 | 0,15 | 1,10 | 1,51 | 0,91 | 0,28 | 11,93 | 0,00 | 0,00 | 2,53 | 0,00 |
| 5 | Nie-metaal en algemene goedere | 3,51 | 4,99 | 2,10 | 2,95 | 3,25 | 3,24 | 1,70 | 1,69 | 2,13 | 1,87 | 1,70 | 2,74 | 1,69 |
| 6 | Basiese metale | 0,17 | 0,93 | 0,20 | 0,00 | 0,44 | 0,06 | 0,33 | 0,09 | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,22 | 0,00 |
| 7 | Metaalprodukte | 1,32 | 4,13 | 1,87 | 2,27 | 1,27 | 0,95 | 2,74 | 0,56 | 1,28 | 0,59 | 0,56 | 1,70 | 0,56 |
| 8 | Elektrisiteit, gas en water | 0,31 | 0,56 | 0,90 | 0,57 | 0,28 | 0,56 | 1,24 | 0,85 | 2,30 | 0,49 | 0,28 | 0,81 | 0,28 |
| 9 | Bou en konstruksie | 6,32 | 7,40 | 6,33 | 9,64 | 8,37 | 5,20 | 7,84 | 7,72 | 7,84 | 5,99 | 5,20 | 7,27 | 7,84 |
| 10 | Handels-, verversings- en akkommodasiedienste | 18,64 | 16,03 | 17,84 | 24,19 | 18,46 | 21,06 | 19,07 | 20,15 | 19,59 | 26,23 | 16,03 | 20,13 | 16,03 |
| 11 | Vervoer-, opbergings- en kommunikasiedienste | 16,73 | 8,33 | 14,49 | 7,75 | 3,53 | 14,36 | 10,19 | 9,89 | 7,16 | 14,73 | 3,53 | 10,72 | 7,16 |
| 12 | Finansierings-, versekerings-, vaste eiendoms- en besigheidsdienste | 4,06 | 4,25 | 3,76 | 3,97 | 3,53 | 3,30 | 3,85 | 5,46 | 3,83 | 3,83 | 3,30 | 3,98 | 3,30 |
| 13 | Openbare owerheidsdienste | 13,05 | 14,43 | 14,52 | 10,20 | 25,84 | 16,31 | 18,48 | 12,81 | 16,61 | 14,24 | 10,20 | 15,65 | 10,20 |
| 14 | Professionele, welsyns-, maatskaplike en vermaak= likheidsdienste | 5,54 | 8,71 | 4,81 | 5,44 | 7,16 | 5,98 | 5,16 | 11,49 | 4,51 | 3,73 | 3,73 | 6,25 | 3,73 |
| 15 | Persoonlike en huishoudelike dienste | 25,21 | 18,73 | 16,47 | 20,03 | 16,80 | 21,45 | 19,14 | 24,01 | 9,54 | 21,12 | 9,54 | 19,25 | 19,14 |
| | TOTAAL ekonomies bedrywig N | 74720 | 55700 | 34300 | 26460 | 18150 | 17900 | 15310 | 10620 | 11740 | 10180 | 56,07 | 100,01 | 71,99 |
| | % | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | | | |

## 6 RAMING VAN DIE GETAL UITVOERWERKGELEENTHEDE IN PIETERSBURG VIR 1981

In tabel 6.1 verskyn 'n tabellering van die uitvoerwerkgeleenthede wat na ver= wagting teen 1981 in Pietersburg sal bestaan.

Die getal uitvoerwerkgeleenthede in tabel 6.1 is soos volg geraam:

(a) In die geval van tans bestaande bedrywe is 'n opname gemaak van hul huidi= ge werkgeleenthede. 'n Voorbeeld van die vraelys wat gebruik is, verskyn as bylae tot hierdie verslag. Die syfers wat deur middel van die opname verkry is, is daarna soos volg aangepas om 'n 1981-raming te verkry. Eerstens is die topbestuur van die bedryf gevra om 'n raming te maak van die verwagte toename in werkgeleenthede tot 1981. Die verwagte toename is by die huidige getal werkgeleenthede getel. Tweedens is vasgestel watter persentasie van die bedryf se produksie in die Pietersburgse ekonomiese streek verbruik sal word. Die 1981-werkgeleentheidsyfer is dan weer met die persentasie ver= minder.

(b) In die geval van beplande bedrywe is ramings van die verwagte getal werk= geleenthede in 1981 van die persone wat vir die beplanning daarvan verantwoordelik is, verkry. Die getalle is ook verminder met die persentasie van die bedrywe se verwagte produksie wat na verwagting in die Pietersburgse ekonomiese streek verbruik sal word.

(c) Ooreenkomstig die aanbevelings van Ullman, Dacey en Brodsky, (1969) is die getalle dienspligtiges en kandidaatoffisiere aan die militêre vliegskool vir doel= eindes van die berekening van die getal streekresidensiële werkers met 'n geskikte per= sentasie verminder, om voorsiening te maak vir die feit dat hulle nie dieselfde invloed op die plaaslike ekonomie het as die gemiddelde voltydse werker in die ander sektore van die ekonomie nie.

Om dieselfde rede is die getalle van die voltydse uniformpersoneel van die militêre vliegskool ook met 'n geskikte persentasie, wat heelwat laer as die laasge= noemde een is, verminder. Ter wille van geheimhoudingsvereistes sal die twee boge= noemde persentasies egter nie vermeld word nie en sal ook aanvaar word dat daar van 1976 tot 1981 geen toename in die gewapende magte in die gebied sal plaasvind nie. Die getalle wat hierbo in tabel 6.1 verskyn, is die verminderde getalle en alhoewel dit nie heeltemal korrek is nie sal die verminderde getalle ook vir die berekening van die ekonomies bedrywige en totale bevolking gebruik word. (Kyk ook par. 10 en Boshoff 1975, p. 26.)

(d) Daar word aanvaar dat alle uitvoerwerkgeleenthede in 1981 beset sal wees. Daarom word uitvoerwerkgeleenthede gelyk gestel aan uitvoerwerkers.

(e) Die betroubaarheid van die geraamde getalle uitvoerwerkgeleenthede in tabel 6.1 is van deurslaggewende belang vir die betroubaarheid van die bevolkingsra= ming. Foute in die raming van die getal uitvoerwerkers bring aansienlik groter foute in die geraamde totale bevolking mee.

## 7 RAMING VAN DIE MINIMUM NOODSAAKLIKE, STREEKRESIDENSIËLE INDIENSNEMINGSPERSEN= TASIES VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR

Daar is besluit om in die geval van elf van die vyftien nywerheidsektore die minimum persentasie indiensneming, wat in die tien dorpe voorkom wat as ramingsbasis dien, te aanvaar as die geraamde minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensne= mingspersentasie.

In die geval van sektor 2, mynbou en steengroefwerk, waar die minimum waarge= nome persentasie nul is, is besluit om die laagste positiewe persentasie wat onder die tien basisdorpe voorkom te aanvaar, as die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasie (tabel 5.1). Dit is gedoen omdat dit bekend is dat daar wel streekresidensiële werkers in dié sektor in Pietersburg werksaam is.

TABEL 6.1

DIE GERAAMDE GETAL UITVOERWERKGELEENTHEDE IN PIETERSBURG VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN BEROEPSGROEP 1981

| | Beroepsgroep | | Nywerheidsektor: Mynbou en steen=groefwerk (2) | Voedsel, drank en tabak (3) | Nie-metaal- en al=gemene goedere (5) | Metaalprodukte (7) | Vervoer-, opber=gings- en kommu=nikasiedienste (11) | Openbare ower=heidsdienste (13) | Totaal ekonomies bedrywig |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Natuurwetenskaplikes, argitekte, ingenieurs, opmeters, ens. | N | 1 | 1 | 9 | 1 | 0 | 98 | 110 |
| | | % | 0,12 | 0,06 | 0,31 | 0,08 | 0,00 | 7,46 | 1,33 |
| 2 | Medici, tandheelkundiges, veeartse, aptekers, verpleegsters en ander paramedici | N | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 |
| | | % | 0,12 | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,01 |
| 3 | Geesteswetenskaplikes, onderwysers, rekenmeesters, regsgeleerdes, ens. | N | 20 | 0 | 6 | 1 | 0 | 159 | 186 |
| | | % | 2,34 | 0,00 | 0,21 | 0,08 | 0,00 | 12,10 | 2,25 |
| 4 | Tegnici en tekenaars | N | 0 | 1 | 15 | 9 | 20 | 50 | 95 |
| | | % | 0,00 | 0,06 | 0,52 | 0,70 | 8,70 | 3,81 | 1,15 |
| 5 | Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers | N | 0 | 57 | 51 | 32 | 2 | 30 | 172 |
| | | % | 0,00 | 3,35 | 1,76 | 2,50 | 0,87 | 2,28 | 2,08 |
| 6 | Klerke, verkoops- en verwante werkers | N | 32 | 120 | 125 | 40 | 63 | 230 | 610 |
| | | % | 3,75 | 7,06 | 4,32 | 3,12 | 27,39 | 17,50 | 7,37 |
| 7 | Dienswerkers | N | 17 | 79 | 123 | 34 | 4 | 138 | 395 |
| | | % | 1,99 | 4,65 | 4,25 | 2,65 | 1,74 | 10,50 | 4,77 |
| 8 | Landbouers, bosbouers en vissers | N | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 |
| | | % | 0,00 | 0,06 | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,01 |
| 9 | Produksietoesighouers en -voormanne | N | 62 | 39 | 121 | 40 | 0 | 5 | 267 |
| | | % | 7,27 | 2,29 | 4,18 | 3,12 | 0,00 | 0,38 | 3,23 |
| 10 | Myn- en steengroefwerkers | N | 3 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 |
| | | % | 0,35 | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,04 |
| 11 | Ander produksie- en instandhoudingswerkers (ambagsmanne, halfgeskooldes en ongeskooldes) | N | 80 | 418 | 1197 | 568 | 15 | 110 | 2388 |
| | | % | 9,38 | 24,59 | 41,33 | 44,31 | 6,52 | 8,37 | 12,86 |
| 12 | Bou- en konstruksiewerkers | N | 0 | 0 | 30 | 0 | 0 | 0 | 30 |
| | | % | 0,00 | 0,00 | 1,04 | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,36 |
| 13 | Masjienoperateurs | N | 79 | 67 | 520 | 91 | 0 | 0 | 757 |
| | | % | 9,26 | 3,94 | 17,96 | 7,10 | 0,00 | 0,00 | 9,15 |
| 14 | Vervoer- en kommunikasiewerkers | N | 20 | 71 | 30 | 20 | 124 | 0 | 265 |
| | | % | 2,34 | 4,18 | 1,04 | 1,56 | 53,91 | 0,00 | 3,20 |
| 15 | Ongeskoolde arbeiders | N | 538 | 846 | 669 | 446 | 2 | 233 | 2734 |
| | | % | 63,07 | 49,76 | 23,10 | 34,79 | 0,87 | 17,73 | 33,04 |
| 16 | Gewapende magte | N | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 261 | 261 |
| | | % | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 19,86 | 3,15 |
| | TOTAAL ekonomies bedrywig | N | 853 | 1700 | 2896 | 1282 | 230 | 1314 | 8275 |
| | AF | % | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |
| | DWARS | % | 10,31 | 20,54 | 35,00 | 15,49 | 2,78 | 15,88 | 100,00 |

Omdat dit onwaarskynlik is dat die boubedryf in Pietersburg voor 1981 die ab=normale vraag na woonhuise en infrastruktuurwerke sal kan bevredig en dus nog nie in 'n toestand van ewewig sal verkeer nie, word in die geval van die bou- en konstruksie=sektor (sektor 9) die vierde laagste persentasie indiensneming wat onder die tien basisdorpe voorkom, aanvaar as die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensne=mingspersentasie. Dit was ook die indiensnemingspersentasie in die bou- en konstruk=siesektor in Pietersburg tydens die 1970-bevolkingsensus.

In die geval van sektor 11, vervoer-, opbergings- en kommunikasiedienste, is die laagste persentasie indiensneming wat in die tien basisdorpe voorkom volgens tabel 5.1 die 3,53 persent van Potchefstroom. Dit is meer as die helfte minder as die twee=de laagste waargenome persentasie. Omdat daar geen rede is om te aanvaar dat Pieters=burg so 'n buitengewone lae persentasie streekresidensiële indiensneming in die sektor sal hê nie, is besluit om die tweede laagste persentasie indiensneming wat volgens tabel 5.1 onder die tien basisdorpe voorkom, te aanvaar as die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasie. Dit is die 7,16 persent indiensneming wat volgens tabel 5.1 in Worcester voorgekom het.

Blykens tabel 5.1 is die persentasie indiensneming in die sektor persoonlike en huishoudelike dienste aansienlik laer in dorpe wat hoofsaaklik van Kleurlingwer=kers as huisbediendes gebruik moet maak as wat dit in dorpe is wat hoofsaaklik van Bantoehuisbediendes gebruik maak. Omdat Pietersburg aan 'n Bantoetuisland grens en omdat aanvaar kan word dat die inwoners van Pietersburg teen 1981 in dieselfde mate van persoonlike en huishoudelike dienste gebruik sal maak as wat hulle in 1970 daarvan gebruik gemaak het, is besluit om die indiensnemingspersentasie wat tydens die 1970-bevolkingsensus in dié sektor in Pietersburg voorgekom het naamlik 19,14 persent, te aanvaar as 'n raming van die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemings=persentasie. Volgens tabel 5.1 is dit die vyfde laagste indiensnemingspersentasie wat in 1970 in die tien basisdorpe voorgekom het en is dit 0,11 persent laer as die gemiddelde persentasie indiensneming in dié sektor.

Die gekose minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasies word in die laaste kolom van tabel 5.1 aangetoon.

## 8 RAMING VAN DIE GETAL STREEKRESIDENSIËLE WERKERS VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN PIETERSBURG VIR 1981

In tabel 8.1 verskyn 'n raming van die getal streekresidensiële werkers volgens nywerheidsektor en 'n raming van die ekonomies bedrywige bevolking.

Die streekresidensiële indiensneming in elke nywerheidsektor is geraam op grond van die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasies wat in tabel 5.1 aangetoon word en soos in paragraaf 7 beskryf, geraam is en op grond van die verminderde getal uitvoerwerkgeleenthede wat soos in paragraaf 6 beskryf, geraam is.

Die ekonomies bedrywige bevolking is geraam deur die onverminderede getal uit=voerwerkers (kyk par. 6) by die geraamde getal streekresidensiële werkers te tel.

## 9 RAMING VAN DIE BEROEPSVERDELING VAN DIE GERAAMDE STREEKRESIDENSIËLE WERKERS VAN PIETERSBURG VIR 1981

In tabel 9.1 word die beroepsverdeling van die geraamde getal streekresiden=siële werkers aangetoon.

Die beroepsverdeling van die streekresidensiële werkers is soos volg geraam:

(a) Die sektortotale kom uit tabel 8.1 en is soos in paragraaf 8 beskryf, geraam.

(b) Die beroepsverdeling is vir elke nywerheidsektor afsonderlik gedoen.

(c) Die verdeling is gedoen op grond van die gemiddelde beroepsverdeling in die ooreenstemmende sektore in drie van die tien dorpe wat as ramingsbasis dien, met Pietersburg altyd een van die drie dorpe. Die dorpe wat in die geval van elke sektor gekies is, word in tabel 9.2 aangetoon.

TABEL 8.1

GERAAMDE GETAL STREEKRESIDENSIËLE WERKERS VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN TOTALE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN PIETERSBURG VIR 1981

| Nywerheidsektor | | Werkers | |
|---|---|---|---|
| | | N | % |
| 1 | Landbou, bosbou en visvangs | 183 | 0,70 |
| 2 | Mynbou en steengroefwerk | 16 | 0,06 |
| 3 | Voedsel, drank en tabak | 339 | 1,30 |
| 4 | Klerasie, tekstiel- en leergoedere | 0 | 0,00 |
| 5 | Nie-metaal- en algemene goedere | 442 | 1,69 |
| 6 | Basiese metale | 0 | 0,00 |
| 7 | Metaalprodukte | 147 | 0,56 |
| 8 | Elektrisiteit, gas en water | 72 | 0,28 |
| 9 | Bou en konstruksie | 2045 | 7,84 |
| 10 | Handels-, verversings- en akkommodasiedienste | 4182 | 16,03 |
| 11 | Vervoer-, opbergings- en kommunikasiedienste | 1868 | 7,16 |
| 12 | Finansierings-, versekerings-, vaste eiendoms- en besig=heidsdienste | 860 | 3,30 |
| 13 | Openbare owerheidsdienste | 2662 | 10,20 |
| 14 | Professionele, welsyns-, maatskaplike en vermaaklikheids=dienste | 974 | 3,73 |
| 15 | Persoonlike en huishoudelike dienste | 4993 | 19,14 |
| | TOTAAL streekresidensiële werkers | 18783 | 72,0 |
| | Verminderde getal uitvoerwerkers | 7305 | 28,0 |
| | Vermindering van uitvoerwerkers teruggetel | 970 | |
| | TOTAAL ekonomies bedrywige bevolking | 27058 | 100 |

Dorpe is vir hierdie doel uitgekies wanneer indiensneming tydens die 1970-bevolkingsensus in die betrokke sektor naastenby net soveel was as wat dit na raming in 1981 in Pietersburg sal wees.

## 10 RAMING VAN DIE BEROEPS- EN SEKTORALE VERDELING VAN DIE GERAAMDE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN PIETERSBURG VIR 1981

In tabel 10.1 word die geraamde beroeps- en sektorale verdeling van die ekono=mies bedrywige bevolking van Pietersburg vir 1981 aangetoon.

Die beroeps- en sektorale verdeling in tabel 10.1 is geraam deur die ooreen=stemmende getalle uitvoerwerkers in tabel 6.1 en streekresidensiële werkers in tabel 9.1 te sommeer.

## 11 RAMING VAN DIE VOLKSGROEPVERDELING VAN DIE GERAAMDE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOL=KING VAN PIETERSBURG VIR 1981

In tabel 11.1 verskyn 'n raming van die volksgroepverdeling van die geraamde ekonomies bedrywige bevolking van Pietersburg vir 1981.

Die volksgroepverdeling van die geraamde ekonomies bedrywige bevolking is soos volg gedoen:

(a) Die volksgroepverdeling van die uitvoerwerkers is tydens die opname in Pietersburg bepaal. In die geval van bestaande werkers is dit empiries gedoen. In die geval van werkers in bedrywe wat tans nog in die beplanningstadium is, is die per=sone wat vir die beplanning verantwoordelik is, gevra om 'n raming van die werkers se volksgroepverdeling te maak.

(b) Aangesien die beroepskeuse van die verskillende volksgroepe hoofsaaklik deur tradisie bepaal word, is die volksgroepverdeling van die geraamde streekresiden=siële werkers vir elke beroepsgroep afsonderlik gedoen.

TABEL 9.1

DIE GERAAMDE GETAL STREEKRESIDENSIëLE WERKERS IN PIETERSBURG VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN BEROEPSGROEP 1981

